1923 - 2023

HOËRSKOOL • OUTENIQUA • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 6530
TEL: 044 874 4156 • FAKS / FAX: 044 874 4188 OR / OF: 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

26 Mei 2022

Liewe ouers, leerders en personeel.

Halfjaareksamen

Graag bring ek die volgende inligting ten opsigte van die eksamen onder julle aandag:

1. **Akademie**
   Baie sterkte met die eksamen. Dit is 'n baie belangrike eksamen vir elke leerder. Elke kind en elke punte tel!

Elke leerder het reeds 'n eksamenbrief waarin al die reëlings van die eksamen is. Dit is belangrik dat ouers hulle vergewis van die **EKSAMENSKRYFBELEID** en toesien dat hulle kinders by die reëlings hou.

Graag bring ek die volgende algemene reëlings onder die ouers se aandag:

- Dit is belangrik dat ouers daarop moet let dat die skool begin 07:45 en kom om 13:00 uit. Geen leerder kan voor die tyd verskoon word nie.
- Vanaf 30 Mei tot 1 Junie is daar vir die gr. 8 tot 11 gewone skool. Let wel die skool begin vir hulle ook 07:45 en kom om 13:00 uit.
- Gr. 8- tot 11-leerders beweeg as die skool begin, direk na hulle eerste periode. Hulle is vir hierdie tydperk die hele tyd in een lokaal.
- **Let asseblief daarop dat die skool op Vrydag 3 Junie 2022 om 07:45 begin en om 12:00 uit kom.**
- **Die skool sluit op 24 Junie 2022 om 10:30.**
- Indien 'n kind gedurende die eksamen siek is moet daar vir hom/haar 'n mediese sertifikaat ingehandig word. Indien u kind siek is, skakel asseblief voor 09:00 met die skool. Die skool se telefoonnommer is 0448744156 of stuur 'n epos na afwesig@outeniqua.co.za
- Onthou dat selfone, elektroniese items soos slimhorlosies verbode is in die eksamenlokaal.
- Leerders moet asseblief voor die eksamen begin hulle selfone en ander elektroniese apparaat inhandig.

Riglyne om jou kind tydens eksamen te help
Daar is gewoonlik tydens die eksamen meer spanning in die huis en by ons kinders as gedurende die kwartaal. Dit is goed as 'n mens 'n rustiger atmosfeer kan skep en lees gerus die onderstaande riglyne deur.

- Haal druk van jou kind af deur 'n positiewe klimaat te skep. Hou negatiewe kommentaar vir jouself.
- Help jou kind om hom/haar goed te organiseer vir die voorbereiding vir die eksamen. Sorg dat daar genoeg penne, potlode en papier is. Moenie dat daar

konflik voor eksamen ontstaan omdat sy/haar sakrekenaar of liniaal weg is nie.

- Sorg dat jou kind die dag as hy/sy skryf 'n goeie ontbyt eet en gemaklik en kalm skool toe gaan.
- Sorg dat jou kind se voorkoms reg is, dan is daar ook nie tussen hom/haar en die onderwysers konflik nie.
- As jy die kans het, veral by graad 8 en sommige graad 9's gesels met hulle oor die skoolwerk. Hulle wil ook graag weet wat pa en ma dink. Dit is vir hulle belangrik.
- Sorg dat jou kind 'n horlosie tydens die eksamen by hom/haar het en motiveer dat hy/sy se tydsbeplanning en –aanwending goed is.
- Leerders moet tydens die eksamen hulle vrae ontleed. Deur gebruik te maak van gekleurde potlode of onderstreping van kern woorde kan 'n kind baie help om vrae te ontleed.
- Herinner hulle daaraan om formules, kern woorde, datums, ens. neer te skryf as hy/sy hulle antwoordblaaie kry en toestemming het om te begin skryf.
- Leerders moet ook vrae wat se antwoorde hulle kan doen eerste doen en die vrae wat vir hom/haar moeiliker is, laaste doen.
- Beklemtoon dit aan jou kind dat dit baie belangrik is om alle vrae te beantwoord. Dit is belangrik dat leerders hulle eie opinie oor 'n saak gee en daarom is dit belangrik dat kinders koerante lees en nuus kyk.

Baie sterkte met die eksamen en mag elke leerder volgens sy/haar vermoë presteer.

Vriendelike groete

C. P. Vorster
Skoolhoof